**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(NOORD-KAAPSE AFDELING)**

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: CA&R 132/02***
***DATUM: 27-06-2003***

In die Appèl van:

JACK MAKETILE APPELLANT

teen

DIE STAAT RESPONDENT

**CORAM: WILLIAMS R et OLIVIER WnR:**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

Die appellant is op 5 Maart 2001 in die Landdroshof te Victoria-Wes skuldig bevind op 'n aanklag van diefstal van drie gasbottels en 'n sweismasjien en gevonnis tot 3(drie) jaar gevangenisstraf. Hy kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevinding en die vonnis.

In sy hoofde van betoog en in argument voor ons steun Mnr. Schreuder, wat namens die appellant optree, op 'n kwessie wat glad nie deur die appellant by die verhoor (waar hy regsverteenwoordig was) of in sy Kennisgewing van Appèl geopper is nie – dit is, of die appellant toerekeningsvatbaar was ten tye van die pleging van die

misdryf (as gevolg van dronkenskap).

Die korrekte prosedure wat in hierdie geval gevolg moes word, sou wees om ‘n aansoek te bring vir die wysiging van die Kennisgewing van Appèl om hierdie verdere grond in te sluit, wat in hierdie geval nie gedoen is nie.

Die oogmerk met ‘n Kennisgewing van Appèl is om die Hof van appèl, die landdros en die Staat in te lig oor die gronde wat aangevoer gaan word en hierdie Hof kan slegs ‘n gebrekkigheid in die kennisgewing kondoneer indien dit ‘n eenvoudige punt is wat sonder benadeling van die Staat se belange oorweeg kan word, en waar die Staat geen beswaar opper nie of waar ’n hoogs argumenteerbare punt laat aan die lig kom.
(Sien die verwysing na hierdie punt in Hiemstra Suid-Afrikaanse Strafprosesreg 6de uitgawe bl. 819)

Omdat Mnr. Roach, wat namens die Staat optree, nie beswaar aangeteken het teen hierdie nuwe grond van appèl nie deurdat hy daarmee in sy betoogshoofde handel en ook omdat die verhoorlanddros in sy redes vir uitspraak ook tot ‘n mate met hierdie aspek handel, is ons van mening dat daar nie benadeling vir die Staat is om hierdie grond toe te laat nie en het ons die betoë in hierdie verband aangehoor.
Om eerstens met hierdie grond – die kwessie van ontoerekeningsvatbaarheid te begin, was dit nooit die verweer van die appellant in die verhoorhof dat hy ontoerekeningsvatbaar was ten tye van die pleging van die ten las gelegde misdryf nie. Die getuie Melvin Louis het getuig dat hy kon sien dat die appellant dronk was en hierdie aspek is eers weer gedurende die verhoor opgeneem deur die staatsaanklaer met sy kruisondervraging van die appellant, waar die appellant toegegee het dat dit moontlik is dat hy sekere dinge wat gebeur het die betrokke dag nie kon onthou nie as gevolg van sy dronkenskap.

Die toets om te bepaal of dronkenskap opset uitsluit, is natuurlik subjektief. Die Hof moet homself afvra of die appellant in die lig van

al die omstandighede, insluitende die graad van beneweling, bo redelike twyfel die opset gehad het om die misdryf te pleeg.
(*R v Pethla* 1956(4) SA 605(A) ).

Mnr. Schreuder voer aan dat die gedrag van die appellant op hierdie betrokke dag, sowel as die feit dat hy gedurende kruisondervraging te kenne gegee het dat daar moontlik sekere goed is wat hy nie kan onthou nie, ‘n aanduiding moes wees vir die verhoorlanddros dat daar twyfel behoort te ontstaan oor sy toerekeningsvatbaarheid.

Die appellant het op die getuienis van Louis twee keer oor ‘n muur geklim om die klaer se perseel in te gaan. Hy het, toe hy gewaar dat die getuie hom sien, gesê *“OB sal mos niks sê nie”*. Toe hy deur ‘n ander persoon gevra is of hy weet dat dit die kerk se grond is wat hy betree, het hy gesê dit is sy kerk.

Appellant sou ook aan die mense in die omgewing gesê het, *“julle wil my nie help nie, julle sal niks kry nie “.*

Hierdie gedrag van die appellant, betoog Mnr. Schreuder, is nie gedrag wat ‘n mens sou verwag van ‘n persoon met dieftige opset nie en gekoppel aan die feit dat appellant dronk was, moet daar twyfel bestaan oor sy toerekeningsvatbaarheid.

Hierdie argument gaan na my mening nie op nie. Reeds die gedrag van die appellant en die uitlatings deur hom gemaak, is aanduidend daarvan dat hy geweet het en ten volle bewus daarvan was dat hy iets verkeerd doen en daarmee voortgegaan het. Die feit dat die appellant dronk was en die getuienis wat gedurende kruisondervraging ontlok is dat hy *“moontlik”* sekere goed nie onthou

nie, beteken na my mening nie dat hy ontoerekeningsvatbaar was tydens die daad nie – of dat daar twyfel moet wees oor sy toerekeningsvatbaarheid nie. (Sien *S v Adams* 1986(4) 882 A op 902 H-J). Die landdros het na my mening nie in hierdie opsig fouteer nie.

Verder is dit so dat die getuie Louis hierin 'n enkelgetuie is ten opsigte van die gebeure, maar sy getuienis word in alle wesenlike aspekte gestaaf deur die getuienis van Johanna Booysen – die buurvrou van die getuie Louis. Volgens Louis het die appellant vanaf Booysen se erf gekom – oor die klaer se muur geklim en goedere uitgedra en gebêre by Booysen se erf. Dieselfde goedere, die sweismasjien en gasbottels, is gevind op Booysen se erf en volgens Booysen was die goed nie daar voordat appellant by haar aangekom het nie.

Na my mening het die Staat sy saak bo redelike twyfel bewys en is die appellant se weergawe dat hy slegs na Booysen se huis toe gegaan het om wyn te gaan haal wat hy daar gebêre het, tereg as nie redelik moontlik waar verwerp.

Wat die vonnis betref, is daar deur Mnr. Schreuder betoog dat die drie jaar gevangenisstraf opgelê skokkend onvanpas is.

In sy redes vir vonnis voer die landdros aan dat hy in aanmerking geneem het dat die appellant die afgelope tien jaar al aan vyf oneerlikheidsmisdrywe skuldig bevind is, en ook dat die waarde van die gesteelde goedere R1000,00 beloop het.
Op die oog af wil dit dan voorkom asof drie jaar gevangenisstraf gepas is. Maar wat die landdros blykbaar uit die oog verloor het, is dat die appellant slegs vir een van hierdie vorige veroordelings, 'n roofaanklag waarop hy skuldig bevind is in 1990, direkte gevangenisstraf opgelê is. So ook dat al die gesteelde goedere teruggevind is. 'n Verdere aspek wat nie geopper is deur die landdros nie, en wat as strafversagtend in ag geneem moet word, is die feit van die appellant se dronkenskap tydens die pleeg van die

diefstal. Die appellant se optrede die betrokke dag en die uitlatings deur hom gemaak, is duidelik tot 'n groot mate te wyte aan sy dronkenskap.
Wanneer al hierdie faktore in ag geneem word, is ons van mening dat die vonnis opgelê wel skokkend onvanpas is en regverdig dit inmenging van hierdie Hof.
In die omstandighede word die volgende bevel gemaak.

Die appèl teen skuldigbevinding word afgewys.

Die appèl teen vonnis word gehandhaaf en die vonnis word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 2(twee) jaar gevangenisstraf.

C.C. WILLIAMS
REGTER

Ek stem saam.

C. J OLIVIER
WAARNEMENDE REGTER

| | |
|---|---|
| **Nms. Appellant:** | **Adv. J Schreuder** |
| **Nms. Respondent:** | **Mnr Roach** |
| **Datum aangehoor:** | **23-06-2003** |